

Skriflesing: Johannes 20: 1 – 18Teks: **Johannes 20: 15-16**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:5,6****TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,2; Ps. 86:2; Ps. 62: 1, 5; Sb. 5-4 (10): 1,5,6****Johannes 20: 1 – 18****Joh 20:1** Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is.**Joh 20:2** Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie."**Joh 20:3** Petrus en die ander dissipel het toe uitgekome en na die graf toe gegaan.**Joh 20:4** Die twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom.**Joh 20:5** Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie.**Joh 20:6** Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê,**Joh 20:7** ook die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol.**Joh 20:8** Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo.**Joh 20:9** Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.**Joh 20:10** Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan.**Joh 20:11** Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk.**Joh 20:12** Toe sien sy twee engele met wit klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was.**Joh 20:13** Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?" Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie."**Joh 20:14** Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie.**Joh 20:15** Jesus vra haar toe: "Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?" Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal."**Joh 20:16** Jesus het vir haar gesê: "Maria!" Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester.**Joh 20:17** Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.' "**Joh 20:18** Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.**Skriflesing:** Johannes 20: 1 – 18Teks: **Johannes 20: 15-16**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:5,6****TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,2; Ps. 86:2; Ps. 62: 1, 5; Sb. 5-4 (10): 1,5,6**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, soos die vorige keer in die vooruitsig gestel wil ons die reeks uit Openbaring so 'n wyle onderbreek. As dit die Here se wil is dat ons vir so paar weke by die verskyninge van Jesus Christus ná sy opstanding by uitkom. Daar is ten minste 10 sulke verskyninge wat in besonder tot ons kan kom. Ja, in die 40 dae tussen Jesus se opstanding en hemelvaart het Hy op besondere wyse aan individue maar ook groepe mense verskyn. In 1 Korintiërs 15 het ons die vorige keer gelees het hy by geleentheid aan meer as 500 mense tegelyk

verskyn (1 Kor. 15:6). Ons kan aanvaar elke verskyning was uniek, elke verskyning spreek van 'n besondere openbaring van God maar wil God in elk van die verskyninge wat ons in sy Woord mag oopmaak ook ons geloof op 'n besondere wyse aanraak en verryk.

Die eerste verskyning wat ons vandag by uitkom is 'n gedeelte wat net in die Johannes evangelie staan. Mattheus, Markus en Lukas skryf nie een oor dit wat ons hier in Johannes kon lees nie. Johannes wat by die skryf van sy evangelie dit duidelik wil maak dat hy juis oor die dinge gaan skryf wat nie elders gelees sal kan word nie. Johannes die apostel van die liefde is altyd die een wat in sy evangelie, in sy briewe, maar in Openbaring is dit ook in baie opsigte die geval dat hy skrywe oor dinge wat Jesus in sy heerlijkheid aan ons openbaar. Watter deel van die evangelie ons ook al mag lees altyd sal jy die Here Jesus in sy heerlijkheid aan die werk sien as jy Johannes lees. Vandag se gedeelte by die eerste verskyning van die opgestane Here is dit nie anders nie.

By hierdie eerste verskyning van Jesus is dit aangrypend wat op daardie Sondagoggend van Jesus se opstanding seker maar 'n hanetree van sy graf af gebeur het. Dit was nog baie vroeg, hoe lank terug Jesus weer lewend geword het, kan ons nie presies sê nie, maar dit was op die meeste seker so 3, dalk 4 ure terug wat Hy lewend uit daardie graf uitgekom het. Wat ons vêrder by hierdie eerste verskyning moet aangryp is dat dit 'n vrou was wat daardie Sondag baie vroeg reeds by Jesus se graf was. Sy is een van die Marias wie se lewe op so ingrypende wyse deur Jesus verander was. Dikwels staan haar name voluit geskrywe dat ons haar ken as Maria Magdalena en ja sy was 'n vrou wat in haar verlede baie duiwels met haar saamgedra het.

In Lukas 8:2 staan die besondere gebeure hoe Jesus 'n keer 7 duiwels uit haar uitgedryf het. Dit was vroeg in Jesus se amptelike openbare optrede wat die pad van Jesus met hierdie besondere vrou gekruis het. Dit is duidelik die feit dat die Here haar van die bose verlos het, het so 'n indruk op haar gemaak dat sy haar, haar lewe sonder Hom wat haar Here is, nie kon voorstel nie. Dikwels lees ons haar naam tussen die name van ander vroue wat naby die Here geleef het. Ja, vroue wat ons kan aanvaar gereeld vir Jesus se versorging ingestaan het, skoon klere, genoeg om te eet, ja alles dinge wat Jesus na sy mens-wees ook nodig sou kry. Hierdie Maria was een van die klein groepie vroue wat die Here met hulle harte maar ook hulle hande, ja met hulle wese en alles wat hulle besit het, wou hulle die Here dien. Niks was ooit vir hulle te veel gevra in wat

hulle geweet het Jesus nodig sou kry. Dis juis hierdie Maria Magdalena wat nog 'n week voordat Jesus gekruisig was sy voete met daardie baie kosbare en geurige salf gesalf het en dit met haar hare afgedroog het. Judas Iskariot het die gebaar as 'n groot vermorsing beskryf juis omdat sy hart nie naby die Here was, waar die vrou se hart wel was nie.

Daarom moet ons onself hierdie vrou se seer en ontnugtering en totale verbystering indink in wat daardie Vrydag met haar Here gebeur het. By die kruisiging was sy van die vroue wat tot die laaste nog daar by die kruis bly staan het. Selfs toe Jesus se moeder, ook Maria reeds van die kruis af weggelei was, lees ons in Joh. 19:25 toe het sy nog daar by die kruis bly staan. In Mattheus 27:61 staan wat ons nog verder moet aangryp. Toe Josef van Arimathea vir Jesus daardie Vrydagaand in sy nuwe graf neergelê het, ja ons weet Nikodemus was ook by die begrafnis betrokke, toe was hierdie Maria ook by die graf. Ons lees sy het by die graf bly sit totdat dit reeds skemer was en die ander reeds weggegaan het.

Dit alles wys maar vir ons hoe stukkend hierdie vrou se binnekant was toe die Een wat vir haar haar lewe was, skielik uit haar lewe weggeneem was. Sy was self getuie hoe baie lewens is deur Jesus in sy tyd op aarde op so 'n besondere wyse aangeraak. Hoe het Jesus die lewe, die werklike lewe in God in so baie mense se lewens ingedra en nou skielik is alles anders. Nou lewe Hy nie meer nie. Watter ander lewe kan daar nou eintlik wees as Hy die Een is wat dan dood van die kruis gehaal is?! Sy wat self getuie was toe hulle sy lewelose liggaam in die nuwe graf neergelê het, sy het gesien toe hulle daardie groot klip voor sy graf gerol het. Hoe goed hulle daardie graf verseël het. Sy het dit alles tot die einde toe aanskou.

Daardie Saterdag, ja vir die Jode is dit hulle Sabbat, vir haar moes dit 'n vreeslike dag gewees het. Sy sou seker toe al weer by sy graf wou uitkom maar die wettisisme en al die reëls wat die Jode intussen net rondom die viering van die Sabbat ingebou het, het haar verbied om die Saterdag by 'n graf te wees. Daarom terwyl die ander vroue ook die beste van voorneme gehad het om daardie Sondagoggend vroeg by die graf te wees om die liggaam van Jesus te salf of te balsem het Maria die groepie van vroue vooruitgegaan. Sy wou eerste wees om die dooie liggaam van Jesus te gaan versorg. Ons kan aanvaar die ander groepie van vroue sou later by haar wou aansluit.

Dit was seker nog nie eers behoorlik dag nie, alles dui daarop die son het werklik nog nie eers behoorlik opgekom nie, toe was sy reeds by die graf. En dan kom haar grootste skok asof die skok van die Vrydag nie al groot genoeg was nie. As sy by die graf kom is die klip weggerol en die graf is leeg. Dis asof ons dit kan sien gebeur, sy skrik so groot en draai net daar om en begin terug te hardloop om vir Jesus se dissipels die volgende tragedie oor te dra. Die enigste wat kan gebeur het, is dat iemand gekom het en Jesus se liggaam gesteel het.

Sy kom by Petrus en Johannes en vertel hulle die skok en dadelik begin hierdie twee so vinnig as hulle kan ook na die graf te hardloop. Johannes wat heelwat jonger as Petrus was, daarom dat waar Petrus aanvanklik voor gehardloop het, het Johannes hom verbygegaan. Ja, die hardlopende Petrus het dalk nie alleen vanweë 'n middeljarige ouderdom agter geraak nie, maar kan ons aanvaar waar hy aanvanklik so vinnig wou hardloop, het die besef weer aan hom begin knaag, watter skade, ja watter skande het ek my Here aangedoen. Ek het Hom verloën, ek het Hom 3X verloën. Sy graf is ook nou vir hom iets van 'n verskrikking, moet ek nie dalk maar eerder omdraai nie, moet ek nie daar wegbly nie?!

Johannes kom eerste by die graf en dan steek hy vas. Petrus kom wel ook daaruit en so impulsief soos hy maar baie keer was, gaan hy nou sommer vinnig na die binnekant. Albei Petrus en Johannes sien dat hierdie is geen grafskending nie, hier is nie 'n liggaam gesteel nie, hier is iets wat spreek van die besondere karakter van Hom wat hier begrawe was. Hy is mens maar Hy is ook God.

God is 'n God van orde en orde vereis skoonheid en netheid. So het God Hom reeds in die begin geopenbaar as God skep dan skep Hy mooi en Hy skep goed. Hy wat na elke skeppingsdag bevestig het dat dit wat gemaak was, dat dit goed is. Nou lyk die graf soos ons God ken.

Die linne om die dooie liggaam van Jesus gedraai netjies opgerol en eenkant gesit. Die kopdoek netjies weer op sy plek opgevou. Hulle is apart van mekaar netjies versorg. Iemand wat 'n liggaam sou steel, sou beslis nie so te werk gegaan het nie. Dit wat hulle sien het hulle alreeds kon laat glo, hier het iets groots gebeur. Die grootste wonder wat daar nog ooit was, het die

oppervlakte van hierdie graf nie verbygegaan nie. Jesus kan ons aanvaar het Self die groot klip voor die graf weggerol alhoewel die klip nie sou kon keer dat Hy nie uit die graf sou kon uitgaan nie, Daardie selfde Sondagaand toe sy dissipels in die bovertrek agter geslote deure was, toe is Jesus meteens in hulle midde. Sy verheerlikte liggaam kon verby groot klippe en toe deure beweeg, maar het Hy die klip weggerol nie om daarby verby te kom nie, maar ook as teken hierdie graf is oorwin.

Die dissipels sou in verwondering nog na dit alles bly kyk, maar waar is Maria? Dwalend huilend soekend kyk sy rond in die tuin na iemand wat dalk kan help. Sy sien twee figure, inderdaad was hulle engele maar haar oë en gemoed was seker in so 'n wasigheid gehul dat sy nie dadelik kon sien maar die twee figure lyk nie heeltemal soos mense nie. As hulle haar vra hoekom sy dan huil is haar antwoord eintlik baie eenvoudig - *Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie.*

Sy soek 'n dooie Christus, Een wat maar net op 'n ander plek neergelê is. Is dit nie eintlik maar kenmerkend van ons as mense, ja ook die toestand in ons kerke vandag? In hierdie deurmekaar wêreld bly ons na die Here soek, ja ons lees Bybel, hoe getrou, hoe gereeld, met watter gesindheid en insig, hoe belydenisgetrou, is 'n ander vraag? Ons kom wel na die erediens, baie kom selde of nooit, ons erediensbywoning kom nie eers by 50% uit nie. Ons gebede is daar, maar die vraag bly knaag doen ons dit dalk nie ook met 'n innerlike doodsheid soos Maria daardie Sondag innerlik dood gevoel het. Daar is by haar geen lewende hoop, geen werklike hoop meer nie. Hierdie innerlike doodsheid in die grootste deel van die christendom vandag verklaar baie dinge. Met kerklike bydraes so klein as wat ek maar bereid is om te offer, met 'n gesmeek en 'n gesoebat en dikwels selfs met 'n gebaklei hunk en punk die kerk maar voort, maar hoe dikwels lyk dit dit kerklik asof ons met die laaste stuiptrekkings van kerk-wees voortstompel. Ons besef dit is beslis nie wat die lewende Christus ons by wil uitbring nie. As ons in ons dien van die Here vandag voor 'n lewende Christus gestel word dan dan sal die groot tema by hierdie eerste verskyning van Christus ook in jou en my lewe weerklank vind. Daar sal dan werklike groei in ons geloof, werklike groei ook in ons kerk-wees plaasvind. Dis waar Jesus vir hierdie Maria by wou uitbring, 'n dien van die lewende Here Self.

Aangrypend hoe dit by haar gebeur het en hoe dit ook by ons moet gebeur. Hierdie Maria se lewe het so 'n groot ommeswaai kon maak. Dit met 'n enkele woord. As sy haar hopeloosheid deur haar wasige oë voor die engele in tranes uitstort, ja almal sien haar, dan ruk net die noem van haar naam haar eie selfgefabriëerde werklikheid in flarde.

Sy hoor die stem wat sê Maria! Sy hoor meer as net haar naam, sy hoor die stemtoon van hoe daar net Een is wat haar naam so ken en so uitspreek. Dis haar Here Self. Net die noem van haar naam laat haar beseef dit is my Here wat praat. Hy ken haar naam, Hy ken ook jou en my naam. Hy roep na hart en siel soos alleen Hy dit kan doen. Haar doodse denke, haar doodse gesindheid, haar grafdenke word skielik 'n lewende antwoord op haar Here se roepende stem. Sy antwoord *Raboeni...* dit beteken My Meester, my Here.

Die grootste voorreg wat 'n mens seker in jou lewe kan hê was hierdie vrou se voorreg. Van almal wat die Here hier op aarde liefgehad het, is sy die eerste om Hom te sien as die lewende, die opgestane Here. Hy het tussen so baie aan wie Hy eerste kon verskyn, het, het Jesus besluit om aan haar hierdie voorreg te skenk. 'n Voorreg wat niemand ooit in waarde sal kan meet nie. Sy was geen bloedverwant van Jesus nie, ja baie sou dalk dink moes Jesus nie eerder eerste aan Maria sy aardse moeder verskyn het nie. Maar ons beseef die Here se gedagtes is nie ons gedagtes nie, die Here se wee is nie ons wee nie.

Jesus verskyn aan hierdie vrou oor Wie Jesus Hom so lank terug al oor ontferm het. Toe die Here die bose uit haar uitgedryf het, toe het sy al ervaar wat verlossing is en wat dit vir jou en my kan beteken. Jesus verskyn eerste aan haar want sy was dalk van almal die diepste geraak deur sy dood. Sy wat nie somme gemaak het as dit oor liefde gaan en hoe lief sy die Here gehad het nie. Die kosbare salf enkele dae voor Jesus se kruis het sy mos toe reeds gebreek en die salf oor sy voete gegooi. Merkwaardig dat Jesus by daardie geleentheid 'n uitspraak gemaak het wat later eers sin sou maak. Jesus het toe reeds vir die dissipels gesê dat hulle haar dit nie moet verkwalik nie, want sy het dit gedoen met die oog op sy begrafnis. Matteus 26:12, Markus 14:8, Johannes 12:7 wys almal op hierdie besondere gebeurtenis. Markus 14 staan sy het *vooruit* al my liggaam vir die begrafnis gesalf. Johannes 12 staan sy het die kosbare salf *bewaar* vir my begrafnis. Dit wat sy vooruit kon doen, dit wat sy kon bewaar, is dinge wat Jesus na sy

mensheid in alles diep sou raak. Die dag met die salf het sy Jesus se voete met haar hare kon afdroog, nou wat die lewende Here haar aanspreek, die Woord dring tot in haar diepste waar geen oog kan sien en geen gedagte dit werklik kan saamvat nie. Tegelyk sê Jesus vir haar, sy moet Hom nie nou aanraak nie. Iets wat sy sekerlik sou wou doen. Jesus gee ook die rede waarom sy Hom nie nou mag aanraak nie. Ek het nog nie na my Vader opgevaar nie. Sy mag die Here nie op aarde wil vashou nie. In die 2020-Vertaling staan dat die Here vir haar sê – *Moenie my langer vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader opgevaar nie.*

Dan kom die Here se sendingopdrag juis tot haar wat die opgestane Here die eerste kon sien. Sending gaan daaroor dat ek sal praat, dat ek waarlik sal getuig wat die Here vir my en in my gedoen het en steeds doen. Jesus sê vir haar ... *gaan na my broers en sê vir hulle Ek vaar op na my Vader en julle Vader en na my God en na julle God.*

Sien u raak hoe Johannes keer op keer Jesus in sy heerlijkheid tot ons laat kom en in sy heerlijkheid tot ons spreek. Jesus se woorde aan hierdie Maria is net weereens 'n bewys hiervan. 'n Opgestane Here wat ook gaan opvaar is heerlijkheid wat in nog groter heerlijkheid tot ons kom. Ons moet vandag ook die Here in sy heerlijkheid wil dien. Maria het dadelik na die dissipels gegaan en hoe groot is haar woorde nie, as sy vir hulle sê – *Ek het die Here gesien ...* Dit beteken 'n sien in heerlijkheid. Sy het die verheerlikte Christus gesien wat nog meer verheerlik gaan word, Hy gaan opvaar, om aan haar nog groter heerlijkheid te skenk. Dit is ook hoe ons vandag na Christus moet kyk. Hy wat jou naam ken, Hy wat na jou roep, soos Hy na Maria kon roep. Herken ons wel sy stem as Hy praat. Maria kon antwoord, *Rabboenie ...* my Leermeester, mag u werklik ook wil leer by Hom wat die opgestane Here is wat dit is om werklik die opgestane Here te dien soos Hy gedien moet word. In volle oorgawe, soos hierdie vrou voor die kruis al gedoen het. Na die opstanding sou haar dienswerk sekerlik net nog groter wees.

AMEN